



## **GLOmedia.tv – 'n idee waarvoor die tyd aangebreek het**

**Dit was Victor Hugo wat gesê het dat 'n mens 'n aankomende leër nog sal kan stop, maar jy kan nie 'n idee stuit waarvoor die tyd ryp is nie. As ons na die wêreld kyk waarin ons leef, is die tyd vir seker ryp vir GLOmedia.tv!**

Dit was maar ongeveer 'n jaar gelede dat die filmvervaardiger Konrad Kuhn in my sitkamer gesit het en vir my die prentjie probeer teken het van die Hervormde Kerk wat in samewerking met ander kerke 'n eie “televisiekanaal” kan bedryf. Vir die eerste keer het ek besef dat die hele televisielandskap vir altyd verander het met die opkoms van internet-gebaseerde kanale soos Netflix. Hier is werklik nuwe moontlikhede wat voorheen nie vir die kerk bestaan het nie. Hier is 'n geleentheid om aan te gryp, veral in die lig van die feit dat daar byna geen Afrikaanse Christelike inhoud van uitsaai-kwaliteit op die internet beskikbaar is nie – veral nie vir ons kinders nie.

Enkele maande later is die eerste gesprekke met die Gereformeerde Kerke aan die gang, word die maatskappy gestig, en word begin om kapitaal te werf vir die oprigting van GLOmedia.tv. Marknavorsing en behoeftebepaling word gedoen onder 'n hele aantal teikengroepe.

Tydens die Algemene Kerkvergadering is die konsep met groot opgewondenheid aanvaar – nogal eenparig – en kon die werk begin om aanbieders op te lei en aan die inhoud te werk. Vroeg in Januarie 2020 is begin met die eerste opnames, en aan die einde van daardie maand is meer as 1 300 minute se opnames gedoen. Dit sluit die volgende in:

- 50 Bybelverhale van 5 minute elk vir kleuters.
- 20 Bybellessies en sang van 12 minute elk vir kleiner kinders.
- 5 tienerprogramme oor aktuele aangeleenthede.
- 7 stories van hoop waar gelowiges hul eie geloofspad deel.
- 12 dagstukkies van 5 minute elk (wat gratis via sosiale media versprei word).
- 25 praatjies in die Ted Talks-formaat van 12-15 minute elk.
- 10 Bybelskool-aanbiedings van 15 minute elk.
- 5 besprekingsprogramme waar 'n paneel van kenners oor aktuele sake saampraat (en verskil).

Bogenoemde is egter net die begin, want hiervandaan vorentoe sal meer as 250 minute se kykstof per week tot die platform bygevoeg word. Daar sal ook volledige eredienste opgeneem word, kerknuus en lidmaatbemaatiging sal aan die orde kom, en daar sal gewerk word aan 'n kerkmusiekprogram waar Afrikaanse gemeentesang sentraal staan. Hopelik sal die NG Kerk ook binnekort saam met die Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerke deel word van hierdie inisiatief.

Eerskomende Sondag, 16 Februarie 2020, skop hierdie kanaal af! Gaan besoek bloot die webblad [www.glomedia.tv](http://www.glomedia.tv) en kyk wat vir jou aangebied word.


GLOmedia.tv funksioneer as 'n internetgebaseerde betaalkanaal (soos Netflix) en die koste beloop R49 per maand of R550 per jaar. Oupas en oumas kan ook namens hul kleinkinders inteken en so sorg dat die volgende geslagte opbouende videomateriaal het om na te kyk. Daar bestaan ook die opsie om kinders uit mindergegoede huise te borg om toegang tot die kanaal te kry. Enige persoon kan bloot die webblad [www.glomedia.tv](http://www.glomedia.tv) besoek, aanlyn inteken en so deel word van hierdie opwindende gemeenskap van gelowiges.

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang  
Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde)  
aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk  
[www.nhka.org](http://www.nhka.org)

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

## Lief en leed



Arno Swart



Prof Elsabé Kloppers

- Ons het met skok kennis geneem van die dood van predikanteweduwee mev Isie Beytell se kleinseun, **Arno Swart (8)**, na 'n ongeluk met sy fiets. Ons wil haar en die ouers, Sibbie en Desmond Swart, verseker van ons voorbidding vir ryke vertroosting. Ons dink ook aan die boetie en sussie. Die roudiens is Vrydag 7 Februarie deur ds Willem Sauer in Gemeente Waterberg gelei.
- Baie geluk aan **ds Lorret en Sunika de Leeuw** van Breyten met die geboorte van hul tweede seun, Mihann Badenhorst de Leeuw, op 6 Februarie.
- **Prof Elsabé Kloppers** lewer op Donderdag 27 Februarie om 17:00 haar intrede as vol professor in die Senaatsaal van Unisa in Pretoria. Die tema van haar aanbieding is *Sounding the Sacred in an age of fake news – Practical Theology reflecting on the public sphere*.
- **Die volgende predikante verjaar tot 21 Februarie, en word hartlik geluk gewens:**
  - o Donderdag 13 Februarie: Ds D (Dewald) Kruger (beroepafwagting)
  - o Vrydag 14 Februarie: Prof PM (Pieter) Venter (emeritus), di CP (Larry) van der Walt (Oos-Londen) en EP (Eddie) Vosloo (emeritus)
  - o Saterdag 15 Februarie: Di M (Maritza) Oosthuizen (Belfast/Waterval Boven) en JJ (Johan) Viljoen (emeritus)
  - o Maandag 17 Februarie: Di A (Antionette) Janse van Rensburg (Kapelaan/Montana) en DJ (Danie) Struwig (emeritus)
  - o Dinsdag 18 Februarie: Dr P (Piet) van Staden (emeritus/Stellenbosch/Worcester) en ds PS (Peet) Esterhuizen (Wonderboom)
  - o Woensdag 19 Februarie: Ds P (Petri) de Kock (Pierneef)
  - o Donderdag 20 Februarie: Ds NJ (Nic) Maré (emeritus)
  - o Vrydag 21 Februarie: Ds TF (Thomas) Dreyer (Malelane)
- **#hoop vir almal. Voorbidding vir Bybelgenootskappe**
  - o **Kongo (Brazzaville):** Doen asseblief voorbidding vir die vertaling van die volledige Bybel in Beembe.
  - o **Demokratiese Republiek van die Kongo:** Bid vir vertalingsprojekte wat poog om die Bybel vir mense, soms vir die eerste keer, in hul hartstaal te gee.
  - o **Tanzanië** vra voorbidding vir die nodige fondse sodat vertalingsprojekte op skedule voltooi kan word en dat hierdie Bybels 'n verskil aan mense se lewens sal maak.

## Gemeentes en bediening

- Die **akademiese openingsdiens** van UP se **Fakulteit Teologie en Religie** vind plaas op **Vrydag 14 Februarie** van 10:00 tot 11:30 in die Musaion op die Hatfieldkampus. Die diens sal gelei word deur die dekaan, prof Jerry Pillay, en ligte verversings sal na die opening bedien word.
- Die **opening van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)** vind plaas op **Woensdag 19 Februarie** om 10:00 by Gemeente Philadelphia, Lunnonstraat 127, Hillcrest. **Prof Yolanda Dreyer** lei die erediens, waarna *HTS*-oorhandigings gemaak word aan prof Maake Masango en prof Natie van Wyk. Gaste word hartlik uitgenooi om verversings na afloop van die verrigtinge te geniet.
- 'n **Inligtings- en Besprekingsvergadering** vind plaas op **Woensdag 18 Maart** van 09:00 tot 16:00. Die Kommissie van die AKV sal dan belangrike aspekte van hul strategiese beplanning by die afgelope bosberaad met ringskommissies en predikante deel, en met die gesprek oor 'n herindeling van ringe begin. Elke ring word versoek om minstens twee verteenwoordigers na die Inligtings- en Besprekingsvergadering te stuur.

- **Gemeente Lydenburg** beskik vanaf 1 Februarie 2020 oor 'n **vakante werkruimte vir 'n voltydse predikant**. Vergoeding is volgens die Kerk se vergoedingskale. Benewens ampswerk in die algemeen, is die uitvoering van die bedieningsplan primêr tot die opdrag. Die gemeente beskik oor 'n ruim pastorie op die kerkterrein wat deur die suksesvolle kandidaat bewoon moet word.

Die gemeente bestaan uit 322 lidmate. Ongeveer 60% van die lidmate val in die kategorie 50 jaar en ouer. Lydenburg is 'n plattelandse dorp waar hoofsaaklik landbou en mynbou asook verskeie industrieë bedryf word. Die dorp beskik oor uitstekende primêre en sekondêre onderwysinstellings.

'n CV en persoonlike profiel moet na die onderstaande adres gestuur word. Vermelding van ouderdom, diensjare, gesinsamestelling, gade se beroep en huidige pos (indien van toepassing) sal waardeer word. Die aansoek is oop vir enige gelegitimeerde predikant of proponent van die NHKA. Die kerkraad behou die reg voor om ook kandidate wat nie aansoek gedoen het nie, tot die kortlys toe te voeg. Die kerkraad voorsien dat die werkruimte teen die aanvang van die derde termyn van 2020 gevul moet wees. Aansoeke en/of navrae kan gerig word aan die skriba by [dawidlag@gmail.com](mailto:dawidlag@gmail.com). **Aansoeke sluit op 19 Februarie 2020 om middernag.**

## Vergaderings

- Donderdag 13 Februarie: Rata Finkom  
Gekombineerde Finkom  
ADV Dagbestuur
- Woensdag 19 Februarie: HTK-opening
- Donderdag 20 Februarie: Pensioenvergaderings  
Rata Bestuur Werkwinkel
- Vrydag 21 Februarie: Rata 360  
Raad van Finansies

## Kerklke publikasies

- Die **Januarie/Februarie 2020-uitgawe** van **Die Christelike Vrou** word ingewy met die redaksionele artikel wat handel oor die NHSV se tema vir 2020: *Lééf die liefde!* Laat julle lig so voor die mense skyn... (Matt 5: 16). Ds Yolandi Kok brei uit oor die hart van Christenwees, en ds Hannelie Botha brei uit oor die koronavirus wat die wêreld bekommerd en angstig laat. Ds Marina Kok skilder die toekoms wêreld van ons ses teologiese studente wat pas gelegitimeer is, en mnr Sollie Benson gee ons 'n kykie na die passie van 'n onderwyser. Volg die skakel <https://nhsv.org.za/publikasies/>.



**Bybelse Dagboek / Almanak 2020**  
R185 (versending uitgesluit)

Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk én 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag

Bestel by [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za)

## Barmhartigheid

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

## 'n Gedig

### om stil te word

jy het stil geword  
 jy lag nie meer nie  
 jou woorde is ver en alleen  
 asof jy ingedagte oor ou voetpaadjies loop

ek wens ek kon  
 gister se sonskyn weer om jou vou  
 ek wens ek kon jou sommer net vashou  
 tot jy soos 'n kindjie warm en gelukkig word  
 ek wens ek kon  
 'n kraaltjie om jou bou  
 om jou van ver en leë paadjies weg te hou

maar ek wil liever  
 saam met jou gaan stap  
 oor jou voetpaadjies  
 sodat jy my kan wys wat jy in die leë nessies sien  
 wat bly vassteek in jou oë  
 saam met jou kyk hoe die geelvinke  
 oor die water swaai  
 saam met jou  
 tot waar nuwe voetpaadjies  
 êrens na mekaar toe draai

**Pieter Smit**

(Uit: *Visum vir die vreemde*, 1977)

## Toerusting

- Die **40-dae-reis** wat in Mei 2019 deur die Sentrum vir Gemeentelike Bediening aan gemeentes en predikante bekendgestel is, het op 2 Februarie afgeskop. Daar is uit verskeie oorde verneem dat gemeentes met groot entoesiasme begin het met die reis. **Vir meer inligting en om u geheuestokkie aan te skaf**, stuur 'n e-pos na [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za). Die gemeentes wat voor Januarie 2020 'n geheuestokkie aangekoop het, word vriendelik versoek om ook 'n e-pos te stuur sodat die grafika wat intussen ontwerp is, aan u voorsien kan word.
- **Excelsus: Sertifikaat in Bedieningsvernuwing**  
**Nege modules oor drie jaar**  
 Verwerf 270 VBO-punte (90 punte per jaar)  
 Module 1: 18-20 Februarie 2020  
 Module 2: 12-14 Mei 2020  
 Module 3: 13-15 Oktober 2020  
 Koste: R890 per module (R8 010 vir die volle drie jaar)  
 Navrae: Rika van Rensburg [excelsus@up.ac.za](mailto:excelsus@up.ac.za) / 012 420 6738



- **Jeugbediening (aanlynkursus) by UP**  
**Begin Vrydag 28 Februarie**  
 Kursusleier: Prof Malan Nel  
 Koste: R2 500  
 Plek: Aanlyn  
 Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / [hesmarie.bosman@up.ac.za](mailto:hesmarie.bosman@up.ac.za)
- **Jeugbediening (inklusiewe verhoudingsbenadering) by UP**  
**2020: 23-26 Maart; 22-25 Junie; 14-17 September**  
**2021: 25-29 Januarie; 15-19 Maart**  
**Skripsie: April 2021**  
 Kursusleier: Prof Malan Nel  
 Koste: R7 200 vir vyf intensiewe kontaksessies  
 Plek: Westview Metodistekerk, Centurion  
 Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / [hesmarie.bosman@up.ac.za](mailto:hesmarie.bosman@up.ac.za)
- **Brugbedieningskursus by UP**  
**Week 1: 27-30 Julie**  
**Week 2: 9-12 November**  
 Kursusleier: Prof Malan Nel  
 Koste: R2 500 (BTW ingesluit)  
 Plek: UP  
 Kursuspunte: 70  
 Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / [hesmarie.bosman@up.ac.za](mailto:hesmarie.bosman@up.ac.za)

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Sasolburg: Diamantkompetiese**  
 Kaartjies te koop @ R50 elk  
 Die volgende pryse kan gewen word:  
 1ste prys: 0,55 karaat diamant (waarde R17 000)  
 2de prys: R4 000  
 3de prys: Slagskaap  
**Trekking: Vrydag 14 Februarie tydens Valentyns-Diamantaand**  
 Wenner sal telefonies in kennis gestel word  
 Navrae: Bernette van Straaten 082 445 6732



SKRIKKELJAARBASAAR

SATERDAG 29 FEBRUARIE 2020 – 08:30-13:30

NHKA Gemeente Newlands  
 (hv Sewende en Watervalstraat, Newlands, Johannesburg)

Musiek-kuierhoekie – springkasteel – kindervermaak  
 Tombola – tweedehandse klere

KOS TE KOOP

  	  	  
---	--	---

Vir meer inligting kontak: Paul 082 461 6706 / Maryka 082 578 3283

- **Gemeente Waterval Boven** hou **Saterdag 7 Maart** hul jaarlikse **karp- hengelkompetiese** by Milly's se dam, naby Machadodorp. Inskrywingsgeld is R250 per persoon en die eerste prys is R5 000 vir die swaarste karp. Kontakpersoon: Anita Booyse 072 590 1052.

- **Plesion en Rata Maatskaplike Dienste**  
**Wen 'n motor: Datsun Go ter waarde van R154 000**  
 Koop 'n pakket van 200, 50 of 70 boekies  
 Maak wins van 75% of 50%  
 Hou jou eie kompetisie en trek jou finaliste voor 30 Julie  
 1 wenner uit elke pakket dring deur na finale sleutelpasgeleentheid  
 Finale sleutelpas op Rata se DRIVE FOR A CHILD Gholfdag  
 18 Augustus by Silver Lakes.  
**Meer inligting:** Ds Stephen de Beer (074 658 4630 / [gsdebeer@gmail.com](mailto:gsdebeer@gmail.com))  
 Diak Andries Pretorius (081 466 8691 / [andries@rata.org.za](mailto:andries@rata.org.za))  
 Vir uitstallings van die voertuig, kontak diak Andries Pretorius

## Allegaartjie

*Verlies, soos die dood, is deel van elke mens se lewe en die verwerking van die geleidelike aftakeling, kommunikasiegapings en afsterwe van 'n geliefde is traumaties en kan soms lank neem om te genees, indien ooit. Die digkuns was dus my toeverlaat tydens hierdie helingsproses. Ek is self 'n ma, en 'n ouma: 'n kringloop wat voltooi word omdat die kind in jou nog altyd aanwesig is – ek voer nou nog soms stilgesprekke met my ma, al is sy nie meer hier nie. (Marlise Joubert, LitNet 9 Julie 2019)*

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)** Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit).** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

Ek dank U, hemelse God en ons Vader,  
vir die groot vreugde wat U vir ons bedink het  
toe U aan ons sintuie gegee het.  
Nou kan ek die majesteit van die donder hoor,  
die helder flits van die weerlig sien,  
die reën op my vel voel prik.  
Dankie vir die misterie van musiek,  
die klank van voëlgesang,  
die borrelende lag van kinders.  
Dankie vir die wonder van al die kleure in u skepping  
én vir dié wat ons hier op aarde naboots.  
Dankie vir die oorweldigende skoonheid  
van sonsondergange  
en die dagbreek oor donker berge.  
Dankie vir die smaak van heuning  
en appelliefies  
en die soen van 'n geliefde.  
Dankie vir die geur van jasmyn  
en wilde rankrose  
en kruie  
en varsgebakte brood.  
Dankie vir die glimlag van vriendskap,  
die bewondering van 'n kind se blik,  
die milde vuur van beleë liefde  
wat dowwe oë laat glinster.  
Dankie vir die soet reuk van gras,  
die honderd skakerings van lentegroen  
en herfsbrons in u bome.  
Dankie vir die geur van hooi op die lande.

Waarlik, o God van  
kleur en reuk en smaak en gehoor en gevoel:  
Die aarde is vol van u heerlijkheid!

**Na 'n gebed van Edward King**  
(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)